*Dr. Willie Marais*

# Sondag, die Dag van die Here

N.G. Kerkboekhandel Transvaal
Pretoria

Click here to get your free novaPDF Lite registration key

© Kopiereg N.G. Kerkboekhandel Transvaal
Alle regte voorbehou.
Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Gedruk en gebind deur
Nasionale Handelsdrukkery, Parow

Eerste uitgawe 1981

ISBN 0 7987 0295 8

## DIE SABBAT IN DIE PARADYS

Dit is vanselfsprekend om te aanvaar dat die eerste mensepaar in die paradys die sabbatdag onderhou het. Dit word nie uitdruklik vermeld nie, en ons vind ook nêrens enige verwysing na die gebruik deur Adam en Eva nie. Maar uit indirekte getuienis kan dit bo alle twyfel vasgestel word. In Gen 2:1–3 lees ons: "So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle ganse leermag. En God het op die sewende dag sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al sy werk wat Hy gemaak het. En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat Hy daarop gerus het van al sy werk wat God geskape het deur dit te maak."

En wanneer die sabbat in die Tien Gebooie opgeneem word, dan word die rede vir die instelling van die sabbat gegee: "want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het die Here die sabbatdag geseën en dit geheilig.[1]"

Die ou gebruik in die paradys kan hieruit afgelei word. Die goeie reg vir die onderhouding van die sabbat ná die uittog uit Egipte kan nie op die skeppingsritme van ses plus een gegrond word, as dit nie ook as die goeie reg vir die onderhouding van die sabbat in die paradys gegeld het nie. Ja, selfs wanneer daar van die ewige sabbat gespreek word[2] word op dieselfde skeppingshandeling gewys.[3]

En dit bekragtig ons eerste afleiding, want die volkome verlossing in die hiernamaals voltooi die herstel van alles wat eenmaal deur die sondeval verloor is. In Openb 21:4 staan daar dan ook geskrywe: "Kyk, Ek maak alles nuut." En dit kan ons begryp omdat daar uitdruklik verklaar word dat die mens geskape is na die beeld en gelykenis van God.[4]

En as God die sewende dag geseën en geheilig het, is dit vanselfsprekend dat die mens hierdie heilige dag op 'n soortgelyke wyse sou eerbiedig het. En dit nie omdat hy daartoe 'n opdrag moes ontvang het nie, maar omdat hy die beeld van God gedra het. En terwyl daar in die handeling van God hierdie ritme was dat Hy ses dae gewerk het



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

en een dag gerus het, is dit duidelik dat dieselfde ritme in die arbeid van die mens, uitdrukking sou vind om die getal van sewe vol te maak.

Ons weet egter dat die sewende dag van God die eerste dag van die eerste mens was omdat die mens op die sesde dag geskape is.[5] Die eerste mens het dus op die eerste dag van sy eerste week gerus en daarna ses dae gewerk omdat hy die tuin van Eden moes bewerk en bewaak.[6]

## DIE SABBAT WORD WEGGENEEM

Maar so sou dit ongelukkig nie bly nie. Die mens het die verbod, wat God op hom gelê het,[7] oortree.[8] En as gevolg hiervan het daar 'n vloek oor die aarde gekom,[9] en is die beeld van God in die mens sodanig geskaad dat hy met moeite van die aarde sou eet "*al die dae van sy lewe*".[10] Die verwysing na "*al die dae*", is nie sonder betekenis nie. Daar sou voortaan geen dag van rus meer wees nie. Die mens het sy sabbat verloor. Ons vind dan ook geen spoor van die sabbat by die aartsvaders vóór Exodus 16 nie. Die vloek oor die aarde het waar geword en het die mens baie diep geraak. Die mens het nou 'n slaaf van werk geword. En nooit sou die intensiteit daarvan so aangevoel kon word as juis in Egipte waar Israel in 'n slawehuis[11] soos in 'n ystersmeltoond,[12] elke dag slawediens verrig het nie.[13]

## DIE SABBAT HERINGESTEL

En wanneer God ná die uittog uit Egipteland die sabbat vir Israel instel,[14] dan word die volk van die slawerny van werk bevry en word die beeld van God in dié mate in die volk van God herstel dat die ritme van ses plus een ook in die werkritme van die volk van God gestalte kry. So word nie alleen verklaar dat die sabbat 'n teken sou wees van 'n ewige verbond van God met Israel nie,[15] maar ook dat die vestiging daarvan berus op die skeppingsritme by God.

Dit word weer verder bevestig wanneer dit as teken gegee is om 'n aanduiding te wees dat Israel die eiendom van God uit al die volke van die wêreld sou wees,[16] dat die Here hulle God is en dat hulle vir Hom geheilig is.[18]



Maar dan is die wyse waarop die onderhouding van die sabbat aangekondig word 'n duidelike bewys dat die sabbat vir Israel 'n totaal onbekende gebruik was.[19] Ook verklaar die Skrif dat die sabbat aan Israel deur bemiddelling van Moses op die berg Sinai,[20] en wel ná die uittog uit Egipteland,[21] gegee is. Dit is aan Israel gegee as 'n toets vir hul gehoorsaamheid, om te sien of hulle in die wet van God sou wandel.[22] Dit moes hulle ook daaraan herinner dat die Here hulle uit Egipteland uitgelei het,[23] en dat die Here die land Kanäan aan hulle as erfdeel sou gee.[24] Die sabbat het dus 'n sterk Israelietiese karakter vertoon.

Die feit dat die instelling van die sabbat op die skepping gegrond is,[25] dui weer daarop dat dit 'n ou gebruik was wat nou heringestel word; wat dus aan die mens teruggegee word.

## DIE VOORLOPIGE KARAKTER VAN DIE SABBAT IN DIE OU TESTAMENT

Wanneer daar egter beveel word dat die mens ses dae moet arbei en sy werk moet doen en, op die sewende dag moet rus,[26] dan word die voorlopigheid van hierdie reëling duidelik omdat die situasie daardeur nie presies ooreenstem met die omstandighede in die Paradys nie. Die eerste mens het op die eerste dag van sy eerste week gerus en daarna ses dae gewerk. En hier word Israel aangesê om eers ses dae te werk en daarna een dag te rus. Die orde is omgekeer. Die oorspronklike situasie is nog nie volkome herstel nie.

Dit was dus nodig dat daar aangekondig moes word dat al die sabbatte van Israel sou verdwyn,[27] en dus ook die Saterdagsabbat sou verdwyn om plek te maak vir 'n nuwe dag wat sou kom, die dag van die Here wat godsdienstig gevier sou word.[28]

En dit weer kan ons goed begryp, omdat die sabbat van Israel 'n teken van die ou verbond was[29] en dus net soos al die ander tekens van die ou verbond ingestel was slegs tot op die tyd van die herstelling,[30] en dus met die koms van die nuwe verbond,[31] saam met die ou verbond, moes verdwyn.[32]



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

En dit kon nie anders nie, omdat met die koms van die nuwe verbond die ander volkere saam met Israel opgeneem sou word,[33] as die nuwe Israel van God.[34] En die sabbat was in die ou verbond 'n teken wat 'n onderskeid tussen Israel en die res van die wêreld gemaak het.[35] Hierdie funksie van die Joodse sabbat moes verval. Ook het die sabbat Israel herinner daaraan dat hulle 'n slaaf in Egipte was.[36] Dit kan nie van die ander volkere gesê word nie. Die Saterdagsabbat het nie hierdie betekenis vir byvoorbeeld die Grieke nie. Verder was die sabbat vir Israel 'n teken dat God Kanäan aan hulle as 'n erfdeel sou gee.[37] Dit word nie in die vierde gebod aan die ander volkere belowe nie, maar aan Israel alleen.

Die belofte met betrekking tot die land Kanäan wat aan Israel gedoen is, word nooit deur God herroep nie. Kanäan sal tot by die wederkoms van Christus die land van Israel bly. Maar dieselfde gebod sê terselfdertyd vir alle ander volke dit: net soos God die land Kanäan as 'n ewige erfdeel aan Israel gegee het, net so gee God aan elke ander volk sy woonplek op aarde.[38] Dan nog sien ons dat die profetiese vergesig van die sabbat[39] volkome in Christus vervul is.[40] Om hierdie rede sou die Saterdagsabbat as 'n skaduwee van die toekomstige dinge[41] moes verdwyn omdat alle seremonies en sinnebeelde in Christus hul vervulling gevind het.[42] Wie hierdie waarheid nie ontdek het nie, staan nog steeds onder die juk van diensbaarheid;[43] tot hulle het die boodskap van die evangelie tevergeefs gekom,[44] want almal wat geregverdig wil wees deur die wet is losgemaak van Christus en het van die genade verval.[45]

Daarom bely ons saam met die vaders: "Ons glo dat die seremonies en sinnebeelde van die Wet opgehou het met die koms van Christus en dat aan alle skaduwees 'n einde gekom het, sodat die gebruik daarvan onder die Christene afgeskaf moet word; nogtans bly die waarheid en wese daarvan vir ons in Christus Jesus, in wie hulle hul vervulling het. Intussen gebruik ons nog die getuienisse wat aan die Wet en die Profete ontleen is om ons in die evangelie te bevestig en ook om ons lewe te reël, in alle eerbaarheid, tot eer van God, volgens sy wil."[46]



## DIE WET AS BLYWENDE UITDRUKKING VAN DIE WIL VAN GOD

Die wet van God as uitdrukking van die wil van God het egter nie verval nie.[47] Die Wet en die Profete is nie ontbind nie, maar is deur Christus vervul;[48] dit is, van krag gemaak. Daarom skrywe Paulus: "Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet".[49] Die kennis van die sonde kom steeds deur die wet.[50] In die Ou Testament is die wet op kliptafels gegraveer,[51] maar in die Nuwe Testament is die wette van God in ons verstand gegee en op ons hart geskrywe.[52] Dit is nie meer van buite af opgelê nie, maar kom van binne af as reël van dankbaarheid vir almal wat God liefhet en sy gebooie bewaar.[53] Daarom kon Paulus selfs vir reëlings van sekere sake, in die Nuwe-Testamentiese gemeentes, hom op die wet beroep.[54]

## DIE ONDERSKEID TUSSEN DIE KULTIES-SEREMONIËLE EN MORELE ASPEKTE VAN DIE WET

Maar om dit alles goed te begryp, is dit nodig dat ons moet let op die onderskeid wat soms gemaak word tussen die kulties-seremoniële verordeninge van die wet,[55] en die wet as voortgaande uitdrukking van die wil van God, vir sy geskape wêreld.[56] So byvoorbeeld gaan dit in Ef. 2:15 en Kol. 2:14 nie om die wet van God sonder meer nie, maar om haar bepaalde insettinge en verordeninge.

Net so gaan dit in Rom. 14:5, 6, Gal. 4:10, 11 en Kol. 2:16, 17 oor die Joodse feesdae en sake wat in Christus uitgewis en weggeruim is.[57] In Rom. 10:4 waar Christus die einde van die wet genoem word, kan hierdie onderskeid nie gemaak word nie, maar sien dit op die hele wet wat met haar seremoniële sowel as met haar morele voorskrifte teenoor die genade gestel word. In Rom. 3:31; 7:7–13; 8:4; 13:8–14 gaan dit egter nie om die skaduagtige voorskrifte van die wet nie, maar om die blywende, die voortgaande inhoud van die wet as uitdrukking van die wil van God in sy koninkryk, ook in die nuwe verbond. En so omspan dit byvoorbeeld al die gebooie van God, ook die bekragtiging van die vierde gebod.[58]



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

Wanneer Christus byvoorbeeld na die tyd kort voor die wederkoms in Matt. 24:20 wys, dan sê Hy: "En bid dat julle vlug nie in die winter of op die sabbat mag plaasvind nie." Die vierde gebod sal dus tot by die wederkoms van krag wees. Al wat sal verander, is dat dit nie meer Saterdag nie, maar Sondag sal wees wat as die Sabbat gevier word.

## DIE HERINSTELLING VAN DIE OORSPRONKLIKE SABBAT 'N VEREISTE

Die Sondeval kon nooit die beeld van God in God self geskaad het nie. Die sewende dag wat deur God geheilig is, kon nie deur die sondeval deur die mens as sodanig ontheilig word nie. Nie vir God nie, maar wel vir die mens word die sabbat deur die mens ontheilig. Die ritme by God van ses dae werk en een dag rus, kon nie deur die toedoen van die mens verander word nie. Dié besondere dag, al was dit van die begin af as die mens se eerste dag,[59] en vanaf die herinstelling van die sabbat, ná die uittog uit Egipte,[60] as die mens se sewende dag gevier,[61] was dit steeds 'n bepaalde dag, die sewende dag van God se week, dié dag van die Here. En Moses kon nie aan die volk teruggee, wat hulle in Adam verloor het nie. Daarom word dit uitdruklik verklaar, dat God 'n einde gaan maak aan al die sabbatte van Israel.[62] Die instelling van die Saterdag-sabbat was 'n reëling tussen God en Israel[63] wat ingestel is tot op die tyd van die herstelling.[64] Nee, dit sou die taak wees van Jesus Christus, die Here van die sabbat.[65] Hy sou as tweede Adam[66] aan die volk van God alles teruggee[67] wat hulle in die eerste Adam verloor het.[68] En omdat hierdie ewige rus verbind word aan die skeppingsritme by God,[69] presies soos wat dit met die sabbat gedoen word,[70] is dit duidelik dat die profetiese woord heenwys na die herstel deur Christus van die oorspronklike sabbat, die sewende dag wat deur God geheilig is,[71] en wat die dag van die Here is.[72] In die verandering van Saterdag na Sondag lê dus die vervulling van die wet en die Profete met betrekking tot die vierde gebod.

Trouens die afskaffing van die Saterdag-sabbat[73] aan die een kant en die bekragtiging van die onverbreekbaarheid van die wet van God[74] aan die ander kant, en daarmee ook die bekragtiging van die vierde gebod as een van die tien woorde van God,[75] wat nie uit die wet van God verwyder mag word nie,[76] maak die instelling van 'n sabbat wat met die skeppingshandeling van God,[77] en met die oorspronklike sabbat ooreenstem,[78] 'n noodsaaklikheid.

Dat Saterdag nie met die oorspronklike sabbat ooreengestem het nie, is duidelik, deurdat die Skrif verklaar dat hierdie dag afgeskaf,[79] en 'n nuwe dag ingestel sou word.[80] Verder leer ons dat toe later 'n volle dag verlore geraak het,[81] Israel nie een volle dag op hul kalender aangeskuif het nie. Saterdag het nie met die oorspronklike sabbat ooreengestem nie, hoewel die sabbat vir Israel toevallig op Saterdag geval het, aangesien God Israel beveel het om die dag van die uittog uit Egipte as die eerste dag van hul jaartelling te neem.[82] God was dus nie oor Saterdag besorg nie, maar op dié stadium wel oor die handhawing van die werksritme van God in die getal van sewe.

## DIE GETAL SEWE

Dat dit om die getal sewe, en dan die verdeling van ses plus een gaan, is duidelik. Of die dag nou val op eerste dag van die mens se week, verander niks aan die saak nie; so lank as wat dit maar net dié spesifieke dag is wat deur God geheilig is omdat hierdie dag die sewende dag van die werksweek van God is.[83] Dat dit egter die eerste dag van die mens se week sou moes wees, is betekenisvol. Die mens sou eers ontvang voordat hy gee. Die mens sou leef uit die genade van God.

Die feit dat die mens later by die herinstelling van 'n weeklikse sabbat eers ses dae sou werk en op die sewende dag sou rus, dus die ritme van ses plus een sou handhaaf, wys op die bepaalde boodskap van die wet onder die ou verbond, naamlik: "Doen dit, en jy sal lewe".[84] Eers werk, dan rus. Maar omdat niemand deur die wet geregverdig kan word nie,[85] het Christus in die volheid van die tyd gekom om ons van die vloek van die wet te bevry,[86] deur vir ons 'n vloek te word.[87] Dat hierdeur aan die mens




Click here to get your free novaPDF Lite registration key

die oorspronklike ritme van een plus ses teruggegee moes word, is ewe eens duidelik. En dat hierdie sabbat met die oorspronklike sabbat moes saamval, is ewe noodsaaklik. Die beeld van God moes weer in die mens se oorspronklike werksritme herstel word.[88)] Eers rus, dan werk.

Ons het reeds gesê dat die viering van die sabbat in die Paradys vanselfsprekend was omdat die mens na die beeld van God geskape was. Dat die mens egter vir 'n tyd lank (vanaf Adam tot Ex. 16) sy sabbatdag kon verloor, en dan weer vir 'n tyd lank (vanaf Ex. 16 – Matt. 28) 'n ander dag, as die dag wat oorspronklik deur God geheilig is, as sabbatdag kon vier, kan verklaar word. Die mens is nie beeld van God nie; dit is Christus alleen (Kol. 1:15). Die mens is draer van die beeld van God. Daarom kan die beeld van God in hom deur die sonde geskaad word en kon hy die oorspronklike sabbatdag verloor. Maar sodra die beeld van God deur Christus in hom herstel word (Ef. 4:22, 23; Kol. 3:9–11), maak dit die viering van die oorspronklike sabbatdag, wat deur God as sabbat geheilig is, weer eens 'n vanselfsprekenheid vir die nuwe mens. In die herstel van die nuwe mens, is die Griek ook betrek (Kol. 3:9–11; Gal. 3:28, 29) vir wie nie die land Kanaän (Ex. 20:9–11; Ps. 95:7–11; Hebr. 4:3–11) of die uittog uit Egipte (Deut. 5:13–15) in die viering van die sabbatdag iets beteken nie, maar slegs die skeppingsritme (Gen. 2:1–3) enige betekenis kan hê, nie vir wie dus slegs dié dag wat oorspronklik deur God geseën en geheilig is, die sabbatdag kan wees. Dit was dus noodsaaklik dat die mens weer hierdie dag sou vind. Daarom was dit nodig dat God self hierdie dag sou aanwys.

## DIE DAG VAN DIE HERE PROFETIES AANGEKONDIG

Daarom lees ons in die Psalms soos volg: "Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword. Dit het van die Here gekom; dit is wonderbaar in ons oë. Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daaroor juig en bly wees. Ag, Here, gee tog heil; ag, Here, gee tog voorspoed! Geseënd is hy wat kom in die Naam van die Here! Ons seën



julle uit die huis van die Here".[89)] Dat hierdie gedeelte na Christus Jesus wys, staan vas[90)] Hy is die steen wat deur die bouers verwerp is,[91)] deurdat hulle Hom gekruisig het.[92)] Maar Hy het 'n hoeksteen geword[93)] deurdat God Hom uit die dode opgewek het.[94)]

En van hierdie dag, die opstandingsdag van Christus uit die dood, word gesê: "Dit is die dag wat die Here gemaak het"[95)] Dit is dus die dag van die Here wat godsdienstig gevier sou word.[96)] En uit Matt. 28:1–6 en Mark. 16:1, 2 sien ons dat die opstandingsdag Sondag die eerste dag van die week was. Sondag is dus die dag van die Here[97)]; dit wil sê die dag wat oorspronklik deur God geseën en geheilig was, die sewende dag in die werksritme van God. En die nuwe volk van God het die voorreg om eers een dag te rus en dan ses dae te werk, presies soos die eerste mensepaar gedoen het. Daarom moet ons oor hierdie dag juig en bly wees. Sondag, 'n feesdag, 'n fees tot eer van die Here, tot seën vir die feesgangers en tot voordeel van die hele wêreld.

## VERDERE BEVESTIGING VIR 'N NUWE DAG

En dat dit die dag is wat deur die profeet vooruit aangekondig is,[98)] word verder bevestig deurdat Christus op hierdie dag telkens aan sy vergaderde gemeente[99)] verskyn het,[100)] en met sy groet: "vrede vir julle",[101)] die erediens vir hierdie dag ingestel het. Op Sondag is die Heilige Gees uitgestort,[102)] en is die Christelike kerk op aarde geplant.[103)] Hierdie dag is vir die gemeentes in Korinthe en Galasië aangedui as die dag waarop elkeen van hulle self na sy vermoë tuis moes spaar.[104)] Paulus sonder dus hierdie dag af vir kerklike handelinge. Dat dit tuis verrig moes word, kan begryp word, omdat Sondag op hierdie tydstip van die Romeinse oorheersing nog 'n gewone werksdag was en dus nie deur die gemeente vir gesamentlike byeenkomste, gebruik kon word nie, behalwe miskien in die aand. Dit gee 'n logiese verklaring vir die kerklike byeenkoms op 'n Sondagaand te Troas, toe Paulus sy rede tot middernag toe gerek het, omdat hy die volgende dag sou vertrek het.[105)] Toe keiser Konstantyn op 3 Maart 321 n.C. die eerste Sondagwetgewing proklameer het, het Sondag skielik 'n werk-



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

vrye dag geword. Dit sou nou die ideale geleentheid skep vir die instelling van 'n volwaardige erediens gedurende die dag vir al die Christelike gemeentes. Dit was gewis nie 'n onvermengde seën nie, want dit sou vir baie 'n geleentheid gee om van hierdie heilige dag bloot 'n vakansiedag te maak. Die viering van Sondag as 'n heilige dag het egter vir die Christendom reeds in die tyd van die Bybel begin. Dit is dus betekenisvol wanneer Paulus probleemloos van 'n sewedaagse week uitgaan en Sondag, die eerste dag van die week, vir kerklike handelinge uitsonder,[106)] terwyl dié feit in hierdie gevalle spesiaal vermeld word. Die teleurstelling wat Paulus uitspreek in die terugkeer van die Galasiërs na die Joodse dae en gebruike,[107] dui reeds op 'n vroeë afskaffing in die Christelike gemeentes van die Saterdagsabbat.

Paulus was dus nie teen die godsdienstige viering van 'n bepaalde dag nie, maar daarteen dat sommige in die kerk nog aan die skadugebruike, wat reeds in Christus vervul en afgeskaf is,[108)] vasgehou het.[109)]

## WAT WEL VERANDER HET

Gebruike soos nie op die sabbat te kook nie,[110)] hout bymekaar te maak nie,[111)] vuur aan te steek nie,[112)] 'n las te dra nie,[113)] of die doodstraf vir die ontheiliging van die sabbat,[114)] die vervloeking,[115)] straf en bedreiging[116)] vir die oortreders; dit is alles deur Christus, die Here van die Sabbat,[117)] weggeruim,[118)] omdat Hy sy volk vir altyd van die vloek van die wet bevry het.[119)] Hierdie dinge sou saam met die Saterdagsabbat vir altyd verdwyn,[120)] en kan dus nie op die Sondag oorgedra word nie.

*Sondag* is dus in die eerste plek 'n *feesdag* waaroor ons moet juig en bly wees,[121)] maar dan tog 'n dag wat *godsdienstig gevier* moet word,[122)] en nie 'n dag waarop ons ons gewone gang mag gaan nie,[123)] omdat hierdie dag deur God self geseën en geheilig is.[124)] Dit is die *dag vàn die Here,*[125)] *en daarom 'n dag vìr die Here*. Dit is dus nie 'n dag vir ontspanning of uitrus of om 'n geleentheid vir eie sake te soek nie, maar 'n dag waarop ek besig moet wees met die dinge van die Here. Dit is 'n dag om hoog te hou en 'n dag van heilige samekoms;[126)] 'n samekoms wat nie deur ons versuim mag word nie.[127)]



## DIE KERKVADERS EN SONDAG

Die getuienisse van die kerkvaders dat die Christene Sondag as 'n heilige feesdag gehou het, is oorbekend, soos uit die geskrifte van onder andere Barnabas, Ignatius, Justinus, Irenaeus, Origines en Tertullianus duidelik blyk. Eusebius het verklaar dat Christus "die sabbatsfees oorgedra het . . . op die dag van die Here se saligheid, die eerste dag van die lig, waarop die Redder van die wêreld, na al sy arbeid onder die mense, oorwinning oor die dood behaal het en die hemelse poorte ingegaan het, waarop ons bymekaar kom, na 'n onderbreking van ses dae en heilige en geestelike sabbatte vier" (comm. ad Ps. 92). Andere soos Hilarius, Hieronymus en Chrysostomus het almal op 'n direkte of indirekte wyse Sondag die sabbat genoem en die heiliging van dié dag met die vierde gebod in verband gebring.

Ons vaders het die vierde gebod in sy vervulling dus goed begryp deur Sondag die sabbat te noem toe hulle die gebod so verklaar het: "Ten eerste, dat die kerkdiens of die prediking en die skole onderhou moet word, en dat ek op die sabbat, dit is, op die rusdag, met die gemeente van God ywerig moet opkom om dié woord van God te hoor, die sakramente te gebruik, God die Here openlik aan te roep en aan die armes Christelike liefdegawes te bring; ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk, en so die ewige sabbat in hierdie lewe begin.[128)] So kan ons ook aanvaar dat Jesus in Matt 24:20 na Sondag as die sabbat verwys omdat die Saterdagsabbat by die tyd reeds afgeskaf en Sondag die rusdag sou wees.

## DIE OWERHEDE

En wat die verantwoordelikheid van die owerheid betref, het ons vaders geleer: "Ons glo dat ons goeie God, vanweë die verdorwenheid van die menslike geslag, konings, vorste en owerhede verorden het, omdat dit sy wil is dat die wêreld geregeer word deur wette en regeringe, sodat die losbandigheid van die mense bedwing kan word en alles



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

met goeie orde onder die mense kan geskied. Met dié doel het Hy die owerheid die swaard in die hand gegee om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm. En hul amp is nie alleen om ag te neem op en te waak oor die burgerlike regering nie, maar uit te roei alle afgodery en valse godsdiens, om die ryk van die Antichris te gronde te rig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die woord van die evangelie oral te laat preek, sodat God deur elkeen geëer en gedien word, soos Hy in sy Woord beveel''.[129)] Die staat as instelling van God,[130)] het dus 'n dure plig om deur wetgewing[131)] en andersins die saak van God op aarde te hulp te kom[132)] of anders 'n werktuig van die Antichris te word,[133)] onderworpe aan Satan as die owerste van hierdie wêreld.[134)] Van almal word voorts verwag om hulle aan sulke verordeninge te onderwerp en dit ter wille van die Here.[135)]

Nehemia het nie alleen wette gemaak om die heiligheid van die sabbat te beveilig nie,[136)] maar het ook streng maatreëls getref om toe te sien dat sy voorskrifte uitgevoer word.[137)] Die kerk kan egter nie verwag dat die staat alles deur wetgewing moet reglementeer om die sonde te stuit of uit te roei nie. Dit weer beteken nie dat daar geen wette moet wees nie, want 'n owerheid kan sonder wette nie regeer nie. En die owerheid, as dienaar van God, het 'n verantwoordelikheid om die kwaaddoeners te straf en dié wat goed doen te prys.[138)] En daarom kan die owerheid hom nie voor God verontskuldig as hy passief toekyk wanneer die Naam van God en die dag van die Here deur kwaaddoeners verontreinig en die taak van die kerk onmoontlik gemaak word nie. Dan het die owerheid 'n verantwoordelikheid om die kerk te hulp te kom, en nie om deur wetgewing of die afskaffing van wette dinge vir die kwaaddoeners makliker en die taak van die kerk moeiliker te maak nie.

Nehemia het byvoorbeeld beweer dat die ontheiliging van die sabbat deur Israel die oorsaak vir die ballingskap was.[139)] En in 2 Kron. 36:20, 21 lees ons: ''En die wat vir die swaard oorgebly het, het hy na Babel in ballingskap weggevoer, en hulle het vir hom en sy seuns slawe geword, totdat die koninkryk van Persië tot heerskappy gekom het,



sodat die woord van die Here deur die mond van Jeremia vervul sou word: totdat die land vir sy sabbatte vergoeding gekry het; al die dae van die verwoesting het dit gerus om sewentig jaar vol te maak''.[140)] Iemand het dit bereken dat al die sabbatte vanaf Exodus 16 tot die begin van die ballingskap presies sewentig jaar volmaak.

Dit beteken dat God sy sabbatwetgewing ernstig bedoel het en al die sabbatte wat die volk verontreinig het, van die volk opgeëis het deur hulle as ballinge weg te voer sodat die land kon rus vir al die sabbatte wat hulle ontheilig het. En as die vierde gebod, soos dit in Sondag haar vervulling gevind het, deel uitmaak van die tien woorde van die wet wat op die tafels van ons hart geskrywe staan, en deel uitmaak van die blywende uitdrukking van die wil van God vir sy geskape wêreld, dan word dit sowel 'n persoonlike as 'n kollektiewe vraag: Hoeveel jare van ballingskap het ek en my volk al op ons kerfstok vanweë al die sabbatte wat ons ontheilig het? Dit behoort alle skepsele tot ernstige nadenke te stem.

## EN WAT EIS DIT VAN ÒNS?

Wat maak ons met die heilige dag van God? Is hierdie dag heilig vir die Here? Hoe onderhou ons die dag van die Here? In watter mate is die beeld van God al in ons herstel? Wat beteken Sondag vir ons? Wat sal die tugtiging van die Here wees as Hy van ons rekenskap sou eis oor al die sabbatte wat ons ontheilig het?

In die Ou Testament staan daar geskrywe: ''Maar hulle was wederstrewig en het sy Heilige Gees bedroef; daarom het Hy vir hulle in 'n vyand verander: Hy self het teen hulle gestry''.[141)] Kan ons dit bekostig dat God dalk ook ons vyand mag word? Wat verwag die Here van ons? Hoe moet sy dag deur ons gevier word? In Jes. 58:13, 14 staan daar geskrywe:

''As jy jou voet terughou van die sabbat – om nie *jou sake* op my heilige dag te doen nie, en as jy die sabbat 'n verlustiging noem en die *heilige dag van die Here* hooghou; en as jy dit eer deur nie *jou gewone gang te gaan nie*, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal spreek nie; dan



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

sal jy jou *verlustig in die Here*, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van die Here het dit gespreek''. En heilig, beteken om die dag af te sonder. Om nie my gewone gang te gaan nie, beteken om nie voort te gaan asof die sabbat 'n gewone werksdag is nie. Om my te verlustig in die Here, beteken om met die Here besig te wees; om met werke van godsdienstige aard besig te wees.[142]

Dit is egter duidelik dat die vierde gebod nie werke van noodsaaklikheid,[143)] van hulpverlening,[144)] of werke wat ononderbrokenheid vereis,[145)] uitsluit nie, maar alleen dié werke of sake verbied wat daarop neerkom dat die mens ook hierdie dag vir homself, vir byvoorbeeld sy eie ontspanning of gerief, materiële gewin of tydverdryf opeis.

Dié dag behoort aan die Here! Hy alleen het die reg om aan die onderdane van sy koninkryk voor te skryf wat hulle op sy dag mag doen of nie mag doen nie. Daaroor mag niemand vir homself besluit nie. Dit is nie 'n saak van eie opinie nie! En reeds die feit dat die aardse sabbat na die ewige sabbat heenwys,[146)] dui daarop dat hierdie dag deur God self vir die mens daargestel is,[147)] sodat die mens dit mag gebruik om veral met die oog op die ewige rus, deur persoonlike en gesamentlike aanbidding van God, sodanig verryk en vir sy lewensroeping toegerus te word, dat die sabbat vir al die ander dae van die week tot seën mag wees.

En wie dit begryp en ook doen, het reeds die ewige sabbat in hierdie lewe begin.[148)]



## Voetnote

1. Ex. 20:11
2. Vgl. Ps. 95:7–11; Jes. 66:23
3. Vgl. Hebr. 4:3–11; met Gen. 2:1–3
4. Gen. 1:26, 27; 5:1–3; 9:6; Hand. 17:28; Jak. 3:9
5. Gen. 1:26–2:3
6. Gen. 2:15
7. Gen. 2:16, 17
8. Gen. 3:1–6
9. Gen. 3:17
10. Gen. 3:17
11. Ex. 13:3; 1:11–14; 5:8; 13, 17, 19
12. Deut. 4:12
13. Ex. 1:10–14; 5:8, 13, 17, 19
14. Ex. 16
15. Ex. 31:12–18
16. Ex. 19:5, 6
17. Ex. 20:2
18. Ex. 31:13; Eseg. 20:12
19. Ex. 16:5, 20, 23–30
20. Neh. 9:13, 14
21. Eseg. 20:10–20
22. Ex. 16:4
23. Deut. 5:5
24. Ex. 20:12
25. Ex. 20:11; 31:17
26. Ex. 20:9, 10
27. Hos. 2:10
28. Ps. 118:18–29
29. Ex. 31:16, 17
30. Vgl. Hebr. 9:9, 10
31. Jer. 31:31–34; Hebr. 8:8–13
32. Hebr. 8:13–9:28
33. Gen. 17:5, 6; 22:18; Rom. 4:13–17; 11:17; Ef 2:11–22; Openb. 5:9
34. Gal. 6:16
35. Ex. 19:5, 6; 20:1, 2; 31:13; Eseg. 20:12
36. Deut. 5:15
37. Ex. 20:12; Deut. 5:16



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

38. Hand. 17:26; Ef. 6:1–3
39. Deut. 12:9, 10; Ps. 95:7–11; Hebr. 4:3–11; Kol. 2:16, 17
40. Matt. 5:17; 11:28
41. Kol. 2:16, 17
42. Kol. 2:14; Ef. 2:15; Gal. 4:10, 11; Hebr. 9:1–28; N.G.B. 25
43. Vgl. Gal. 5:1–15
44. Gal. 4:10, 11
45. Gal. 5:4
46. N.G.B. 25
47. Rom. 7:7–9; 8:4; 13:8, 9; 1 Kor. 14:34; Gal. 5:14; 6:2
48. Matt. 5:17–19
49. Rom. 3:31
50. Rom. 3:20; 7:7–13
51. 2 Kor. 3:7
52. Hebr. 8:10
53. 1 Joh. 2:3, 4
54. 1 Kor. 14:34; Rom. 13:8–14
55. Ef. 2:15; Kol. 2:14, 16, 17; Rom. 14:5, 6; Gal. 4:10, 11
56. Rom. 3:31; 7:7–13; 8:4; 13:8–14; Gal. 5:14; 6:2
57. Ef. 2:15; Kol. 2:14
58. Vgl. Matt. 5:18; 19; Luk. 16:17, 18; Rom. 3:31
59. Gen. 1:26–2:3
60. Ex. 16
61. Ex. 12:2, 3; 13:3; 16:1–36
62. Hos. 2:10
63. Ex. 31:12–18
64. Hebr. 8:13–9:17
65. Mark. 2:27, 28
66. 1 Kor. 15:45–49
67. Matt. 11:28; Hebr. 4:3–11; Ps. 95:7–11; Jes. 66:23
68. Gen. 3:1–19
69. Hebr. 4:4
70. Ex. 20:10; 31:17
71. Gen. 2:1–3
72. Ps. 118:24; Openb. 1:10.
73. Hos. 2:10; Kol. 2:14–17; Gal. 4:10, 11



74. Matt. 5:17–19; Luk. 16:17, 18; Rom. 3:31; 7:7–13; 8:4; 13:8–13; Joh. 10:35
75. Deut. 4:13; 10:4
76. Deut. 4:2, 13 Vgl. Matt. 24:20
77. Gen. 2:1–3
78. Gen. 1:26–2:3
79. Hos. 2:10
80. Ps. 118:22–29
81. Jos. 10:12, 13; Jes. 38:7, 8
82. Ex. 12:2, 3; 13:3
83. Gen. 2:1–3
84. Luk. 10:25–28; Gal. 3:24, 25
85. Gal. 2:16, 21
86. Gal. 4:4–6
87. Gal. 3:10–13
88. Gen. 1:26–2:3, vgl. Ef. 4:24 en Kol. 3:10
89. Ps. 118:22–26; Jes. 28:16; 1 Petr. 2:6
90. Hand. 4:10–11; 1 Petr. 2:6
91. Ps. 118:22; Hand. 4:10, 11; 1 Petr. 2:7
92. Hand. 4:10, 11
93. Ps. 118:22; Hand. 4:11; 1 Petr. 2:7
94. Hand. 4:10, 11
95. Ps. 118:24
96. Ps. 118:24–29
97. Vgl. Openb. 1:10
98. Ps. 118:22
99. Joh. 20:19, 26; 1 Kor. 15:5, 6
100. Joh. 20:19, 26
101. Joh. 20:19, 26
102. Vgl. Hand. 2:1–4, 33 met Lev. 23:10–17
103. Hand. 2:34–47
104. 1 Kor. 16:1, 2
105. Hand. 20:6, 7
106. 1 Kor. 16:1, 2; Hand. 20:6, 7
107. Gal. 4:9–11
108. Matt. 5:17; Kol. 2:14–17; Hebr. 9:9, 10
109. Gal. 4:10, 11
110. Ex. 16:23
111. Num. 15:32–36
112. Ex. 35:2, 3



Click here to get your free novaPDF Lite registration key

113. Jer. 17:21
114. Ex. 31:14: Num. 15:32–36
115. Deut. 27:26
116. Neh. 13:18; Jer. 17:27; Jes. 63:10; Eseg. 22:26, 31; Mal. 2:2
117. Mark. 2:28
118. Ef. 2:15; Kol. 2:14
119. Gal. 3:10–13
120. Hos. 2:10; Hebr. 9:1–28
121. Ps. 118:24
122. Ps. 118:25–29
123. Vgl. Jes. 58:13, 14
124. Gen. 2:1–3
125. Ps. 118:24; Openb. 1:10
126. Ps. 40:10, 11; 68:27; 84:11
127. Hebr. 10:25, 26; Lev. 23:2; Num. 28:9, 10; Ps. 68:27
128. H.K. 103
129. N.G.B. 36
130. Rom. 13:1–7
131. 1 Tim. 1:8; Eseg. 20:10–24; 22:8, 26, 31
132. Rig. 5:23, vgl. Eseg. 22:26, 31
133. Openb. 13
134. Joh. 12:31; 14:30; 16:11; 1 Joh. 5:19; Openb. 12:9
135. 1 Petr. 2:13–17
136. Neh. 13:16–19
137. Neh. 13:20–22
138. Rom. 13:3, 4
139. Neh. 13:18
140. Jer. 17:27; 25:11–12; 34:8–22; Lev. 26:32–35, 43; Eseg. 22:26, 31
141. Jes. 63:10
142. Hand. 20:5–7; 1 Kor. 16:1, 2
143. Neh. 13:19; Mark. 2:23
144. Mark. 3:1–5
145. Jos. 6:1–6
146. Jes. 66:23; Hebr. 4:3–11
147. Mark. 2:27
148. H.K. 103



Click here to get your free novaPDF Lite registration key